# RESENTE SUID-AFRIKAANSE LITERATUUR OOR DIE KERK (TWEEDE AFLEWERING)*

*D J Smit*

In die eerste oorsigtelike artikel is onderneem dat sommige van die publi= kasies verdere aandag sou ontvang. In hierdie aflewering word dan nader gekyk na die eerste twee publikasies op die lys, nl J A Heyns: *Die kerk* 1977 en P F Theron: *Die ekklesia as kosmies-eskatologiese teken* 1978. Albei skrywers is belangrike dogmatici in die Ned Geref Kerk en beide werke is dan ook deur die N G K B, Pretoria, uitgegee.

1 Die twee werke is van *uiteenlopende aard.* Eersgenoemde is 'n mono= grafie rondom die tema van die kerk, terwyl Theron se werk sy dokto= rale proefskrif is (onder Heyns as sy promotor voltooi). Dit beteken onmiddellik dat eersgenoemde meer omvattend en algemeen is.Heyns bied as 't ware 'n oorsigtelike werk rondom belangrike aspekte van die kerk. Na 'n inleidende hoofstuk waarin hy die kerk in die verband van die konink= ryk stel, behandel hy agtereenvolgens die Ou Testamentiese perspektief op die kerk, enkele Nuwe Testamentiese beelde vir die kerk, die kerk in sy drieërlei verhouding tot God, tot homself en tot die wêreld, die kenmerke (Woord, sakramente, tug) en eienskappe (eenheid, heiligheid, algemeenheid, apostolisiteit) van die kerk, die belydende karakter van die kerk, ver= skillende tegniese onderskeidings t o v die kerk (plaaslik en universeel, sigbaar en onsigbaar, instituut en organisme, ens) asook afsluitend kerk en volk en kerk en politiek. Vanselfsprekend - en boonop in lyn met sy besondere styl! - behandel Heyns dus 'n magdom van sake en gee hy 'n on= eindige veelheid van gegewens, tekste, onderskeidings en nuwe argumente weer. As studieboek oor die kerk, inleiding vir enige geïnteresseerde leser, maar selfs naslaanwerk (en inspirasie tot prediking en gesprekke!) is dié publikasie gevolglik uiters geskik.

'n Doktorale proefskrif is natuurlik iets heeltemal anders. Die bedoeling is nie om 'n algemene, inleidende oorsig te gee nie, maar om wetenskaplik, indringend en verantwoord navorsing te doen oor 'n enkele, afgegrensde probleemveld. Theron se studie munt dan ook uit in sy toegespitste en gekonsentreerde versameling van talle standpunte, aanhalings en perspek=

---

* Die eerste aflewering (deur B C Lategan) het in *Scriptura* I verskyn (p 71). In hierdie tweede aflewering gaan Dr D J Smit meer uitvoerig in op die publikasies van Heyns en Theron.

tiewe rondom die één aspek van die kerk, te wete sy éénheid (as pro= fesie van die eskatologiese vrede). Dit beteken egter onmiddellik dat die werk nie so maklik toeganklik is vir 'n leser sonder agtergrond nie. Die manier waarop Theron dan ook met kernagtige, feitlik slag= spreukagtige formulerings aspekte van die waarheid op appellerende wyse onderstreep, teoloë van allerlei agtergrond deurmekaar en sonder ver= duideliking aan die woord stel en sy argument uiters beknop opbou (in totaal net 122 bladsye vir 'n gelááide dogmatiese proefskrif!) - ver= der bemoeilik deur die feit dat die uiters belangrike voetnote weens tegniese redes nie onderaan elke bladsy verskyn nie, maar aan die einde van elke hoofstuk - bring mee dat dit 'n studieboek word waarmee ge= worstel en waaroor gedínk moet word.

2 Ten spyte van die uiteenlopende aard, kan tog gesê word dat agter die twee werke dieselfde basiese motief tot aktualiteit geleë is en dat albei in 'n sekere sin *dieselfde tema* het, nl die eenheid van die kerk.

Wat Theron betref, is dit sonder meer duidelik, aangesien dit die be= wuste tema van sy studie is, soos ook uit die subtitel blyk (die een= heid van die kerk as 'profesie' van die eskatologiese vrede). In sy *eerste* hoofstuk plaas hy die kerk in die wyds moontlike perspektiewe, nl dié van die skepping (insluitende die geskiedenis) en die verbond. Wanneer hy dit oor die *skepping* het, wys hy met behulp van teologiese (in enger sin), christologiese én pneumatologiese argumente, dat daar kontinuïteit én diskontinuïteit bestaan tussen die skepping en die beslissings vir die praktyk. Dit beteken nl dat die verlossing nie in 'n *nuwe* skepping bestaan nie (wat sou kon meebring dat die *kerk* losgedink kon word van die geskapene), maar dat tussen skepping en verlossing (insluitende kerk) kontinuïteit bestaan. Terselfdertyd beteken dit egter ook dat die verlossing *her*skepping is, aangesien die sonde totale verwoesting meegebring het, sodat daar tog ook weer in die verlossing (en dus in die kerk) 'n '*nuwe* skepping' ontstaan. Dit beteken weer dat die verlossing (en dus die kerk) nie maar net 'n vanselfsprekende voortgang van of deel binne die bestaande (sondige) geskape werklikheid en geskiedenis is nie. Wanneer hy dit oor die *verbond* het, gaan dit oor die bekende dogmatiese vraag of die skepping ter wille van die verbond bestaan en of omgekeerd die verbond (die verlossing; Christus; die kerk) ter wille van die skepping bestaan. In 'n mooi paragraaf oor die eenheid van God (waarin hy eksegeties verwys na die *unitas*, die *unicitas*, die *simplicitas*, die *singulari=*

*tas* en die *integritas* van God) argumenteer hy dat Gods eenheid ook die eenheid van sy werke begrond (waarin die verskeidenheid net soseer noodsaaklik is as binne God self), sodat die uiteindelike doel van sy handewerk die heil van die skepping is (*sjalom*, as norm- en verhou=dingsbegrip dui aan dat alles 'in orde' is), wat weer eens beteken dat daar 'n noue verband bestaan tussen die geskape werklikheid en die ver=lossing (insluitende die kerk). Die kerk, as deel van die verbond, is deel van God se vernuwende en voleindigende werk aan sy eie handewerk, wat daarin bestaan dàt die één unieke God die verskeurdheid in sy hande=werk ophef en alles weer orden en verenig tot 'n harmoniese geheel, vol verskeidenheid, maar één.

Nadat hy die kerk só in 'n wyer perspektief geplaas het, behandel hy vanaf hoofstuk 2 tot hoofstuk 5 sy eintlike tema, nl die eenheid van die kerk. In die *tweede* hoofstuk wys hy daarop dat die kerk volgens die Nuwe Testament die nuwe, eskatologiese en universele 'volk van God' is. Met behulp van talle tekste argumenteer hy dan weer eens teologies, christologies én pneumatologies dat dié nuwe, eskatologiese Godsvolk een is én een moet wees. Objektief 'in Christus' vind die Godsvolk sy bestaan, maar dit moet ook nog 'subjektief' waargemaak word deur die Pinkstergees. Dit beteken onmiddellik dat die kerklike roeping tot eenheid absoluut nie opkom uit 'n algemeen-menslike eenheidsideaal nie (dié kan "bloot menslik en selfs duiwels bepaald wees", p 48), asook dat deur van 'steriele uniformiteit' geen sprake kan wees in die Godsvolk nie.

Die *derde* hoofstuk gaan dan nadruklik in op die 'nuwe skepping'. Alhoe=wel Christus die 'nuwe mens' of nuwe skepping is, geld dit ook van die kerk. Hy bespreek die Nuwe Testamentiese verbande tussen eenheid, vrede en nuutheid en eindig met die belangrike gevolgtrekking dat die kerk as nuwe skepping 'nie vanuit die skepping nie, maar vanuit die herskepping' verstaan moet word (p 73). Daar is wel kontinuïteit én diskontinuïteit tussen kerk en kosmos (vgl die eerste hoofstuk se agtergronde), maar die kerk lê - volgens Theron - te veel aan die kant van die *dis*kontinuïteit a g v die totale verlorenheid, die vyandskap, die verskeurdheid. Die verband tussen kerk en kosmos is geleë in die *kruis* van Christus.

As die kerk vanuit die herskepping verstaan moet word, volg die vraag egter vanself wat die presiese verhouding dan is tussen kerk en *eschaton*. Daaroor handel die *vierde* hoofstuk, waarin hy die verhouding tussen kerk

en koninkryk beskryf met behulp van die 'teken'-begrip. Daarin skuil nl 'n sekere spanning tussen 'alreeds' en 'nog nie' wat die situasie van die kerk besonder goed tipeer. Dié spanning mag nie na enige kant toe opgelos word nie, want albei elemente is van wesenlike belang. Hy onderstreep dan ook dat die kerk, in dit waarna hy nog jaag en waarna hy heenwys, sowel homself as die ganse werklikheid relativeer. *Theo= logia gloriae* (p 96) én kerklike triomfalisme (p 100) is volkome uit= gesluit. Die kerk leef self onrustig en skep ook onrus, want die kerk is nie self die *eschatos* nie, maar wys slegs daarheen. In dié verband kom die begrippe antitese en kritiek herhaaldelik voor.

In die afsluitende *vyfde* hoofstuk neem hy lg lyn verder op as hy skryf oor die feit dat die kerk nie alleen teken is van die *eschaton* nie (hoofstuk 4), maar daarom ook teken *vir die kosmos*. In die be= grip 'teken' skuil immers ook die element van sigbaarheid. Vanuit die sigbare eenheid van die kerk gaan 'n appèl uit tot die verskeurde kosmos. Nie in die opheffing nie, maar in die oorskryding van die klowe en grense tussen mense, volke en rasse bied die kerk, as teken van die komende *eschaton*, 'n heilryke relativering van die verskille. Só word die eenheid van die kerk 'n 'profesie' van Gods heil vir 'n verskeurde en verlore kosmos.

Wat Heyns betref, is dit eweseer moontlik om te beweer dat die een= heid van die kerk sy sentrale tema is. Wanneer hy bv op p 116 uit= druklik oor die eenheid begin handel, sê hy dat dit van die eerste oomblik af reeds ''n beslissende rol' in die boek gespeel het. Ener= syds word dit veroorsaak deur sy selferkende motief tot aktualiteit en eietydse verantwoording (p 3), maar andersyds - en meer belangrik - deur die feit dat "in die begrip kerk ... die gedagte van eenheid op= gesluit (is)" (p 116). Hy werk dan ook telkens met hierdie temas: gemeenskap van die heiliges (pp56-62, 86-95, 197-198), pluriformiteit (p 126 ev), kerkverband (p 169 ev), ekumene (p 175 ev), kerk en volk (p 209 ev), kerk en politiek (pp 101, 107, 220 ev), en die eenheid van die kerk self (p 116 ev). Uit sy behandeling blyk dan ook glas= helder hoe ernstig hy die eenheid beskou.

3 Ten spyte van die uiteenlopende aard van die werke, blyk daar uiteindelik tog - soos te verwag is - *merkwaardige ooreenstemming* in resultate en oortuigings te bestaan. Beide verdedig die eenheid van die kerk met groot hartstog. Terwyl Theron geleentheid het om

dit meer diepgaande en dogmaties te begrond, bied Heyns 'n magdom van praktiese perspektiewe op kerkeenheid, wat volkome aansluit by Theron se duidelike bedoelings. Albei plaas die kerk in die breëre verband van die koninkryk. Albei gebruik telkens trinitariese indelings om aan alle moontlike fasette reg te laat geskied. Albei probeer die skepping ernstig neem en die verhouding skepping-kerk duidelik maak. Albei benut die 'teken'-begrip om die aard van die kerk aan te toon. Vir albei is die verskeidenheid binne die één kerk nie alleen vanselfsprekend nie, maar ook onontbeerlik. Albei praat van 'kritiese solidariteit' om die kerk se verhouding tot die kosmos te beskryf.

Die ooreenstemming strek ook oor meer inhoudelike beslissings. Vir hier=die beklemtonings kan 'n mens sekerlik net die allergrootste waardering hê. 'n Eerlike luister na die Bybelse verkondiging aangaande die één kerk van Christus vind hier verblydende insigte en aksente. Terselfder=tyd maak dit albei werke so uiters aktueel en waardevol binne die Suid-Afrikaanse konteks en spesifiek binne die geledere van die Ned Geref Kerk-familie. Juis omdat Heyns hom meer prakties uitlaat, vind 'n mens by hom soms verrassend uitdruklike formulerings, wat egter elke keer weer fyn gebalanseer word met allerlei kwalifiserings.

4 Te midde van die verreikende ooreenstemming, blyk daar tog *een funda=mentele verskil* te bestaan en dit juis op 'n punt waarop die diepste beslissings val. Terwyl die kerk volgens Theron nl verstaan (wat beteken ingerig en geleef) moet word vanuit die *her*skepping en nié vanuit die skepping nie, verbind Heyns die gestalte, inrigting en belewing van die kerk ten nouste met die bestaan van onderskeie volkere, d w s met 'n struktuur-element van die geskapene. Dit beteken natuurlik nòg dat Theron die skepping onbelangrik ag (vgl die voorafgaande opsomming), nòg dat Heyns nie reg wil laat geskied aan die oormagtige getuienis van die Bybel aangaande die nuutheid, andersheid en vreemdheid van die kerk nie. Dit gaan om 'n aksentverskil, maar een van diepgrypende implikasies.

Wanneer Heyns handel oor die sg pluriformiteit (of verskeidenheid) binne die kerk, wys hy verskillende motiewe af wat voorheen gedien het as ver=dediging van die pluriformiteit. Hy verwerp sowel die skeppingsmotief (wat uitgaan van die ryke en heerlike verskeidenheid van die skepping), die ontplooiingsmotief (wat uitgaan van die veelkleurigheid en talle fasette van die waarheid) en die antropologiese motief (wat uitgaan van die feit dat elke greep op die waarheid slegs perspektiwies kan wees en

gevolglik aangevul moet word deur ander perspektiewe). Hy meen dat "ernstige besware" teen al hierdie pogings ingebring moet word omdat dit "nie uit 'n Bybelse besinning oor die wese van die kerk opkom nie, maar eerder uit 'n bloot empiriese waarneming". Meer nog, sodanig gefundeerde pluriformiteit "is nie alleen aan die Skrif nie, maar ook aan die Reformatore en die konfessies volkome vreemd". Nog skerper heet dit: "In hierdie besondere vorm van historiese positivisme word die waarheidsvraag met betrekking tot die kerk volledig geïgnoreer" (p 125-127). Vir hierdie standpunte van Heyns kan 'n mens slegs die grootste waardering hê. Dan maak hy egter 'n merkwaardige en onver= wagse omslag. Hy verdedig self die pluriformiteit van die kerk met behulp van 'n "kultureel-etniese motief". Hy verduidelik dit verder só dat in die voortgang van die evangelie "onder verskillende volke met verskillende kulture, tale, gewoontes en psigologiese instellinge" 'n legitieme pluriformiteit kan ontstaan. Hy kwalifiseer dit nadruk= lik deur by te voeg dat dit nié vir hom gaan om geografiese of fisies-ruimtelike verwydering nie, dog om "dié aspekte van geestelike verwy= dering wat ware gemeenskap bemoeilik of selfs onmoontlik maak". Nog meer merkwaardig word dit as duidelik word dat hierdie faktore wat "ware gemeenskap bemoeilik of selfs onmoontlik maak" nie sake soos taal-en-kommunkasiegapings is nie, maar "die psigiese gesteldheid" van 'n volk, die "volksiel", die "eie geloofstaal" (p 128). Omdat hy klaarblyklik besef dat hy hier gevaarlike terrein betree, bring hy ingrypende kwalifiserings aan: dié aanname geskied nl nie op grond van "'n vermeende skeppingsordening" nie, maar kragtens "'n histories-bepaalde voorsienigheidsordening" (p 128). Om die volkere-verskeidenheid tot Gods Skeppingswoord te herlei, sou dit 'n té per= manente en statiese grootheid maak. In die volkerewêreld gaan dit egter dinamies en histories daaraan toe, wat beteken dat dit na Gods Voorsienigheidswoord herlei moet word (p 128, 211 ev). 'n Tweede kwalifi= kasie is dat dié verskeidenheid van kerke op etniese basis tog nie die eenheid moet vergeet nie, maar daarna moet strewe om - as onder= skeie, "bestaande geïnstitueerde kerke" - ook op konkrete wyse uit= drukking te gee aan die eenheid. Die belangrike punt is dat al die pragtige en Bybelse dinge wat Heyns oor die eenheid en gemeenskap sê, gelees moet word teen hierdie agtergrond van kerke wat om "kul= tuur-etniese" redes onderskeie kerke vorm en dan - agteraf - tog ook iets van die eenheid moet openbaar. Hoe ernstig hy die "volksheid" van die kerk neem, word duidelik wanneer hy die verhouding tussen kerk en volk ter sprake bring. Naas 'n verkeerde verbondenheid van

die kerk aan die volk - wat hy fel en nadruklik, in baie duidelike taal, afwys - bespreek hy 'n positiewe verhouding. Die kerk het nl "beide wat betref sy bestaan en die uitvoering van sy roeping, 'n noue verband met die volk". Die kerk vind immers sy lewensruimte "in die midde van 'n bepaalde volk". Meer nog: "word dié (lewensruimte) deur die volk aan die kerk ontsê, kan die kerk nie sy taak as kerk vervul nie", wat uiteindelik beteken dat die volk daaronder sal ly (p 214). Die kerk verkondig aan die volk die boodskap van verlossing en trek uit die volk die gelowiges (p 215). Die kerk is dus vir die volk (maar stry wel teen die sonde van die volk ter wille van die behoud van die volk) (p 215). Dit alles beteken "duidelik dat die volk van die grootste belang is by die instituering en organisering van die kerk". Die kerk moet "volks" word. Die een kerk moet "verskillende etniese tipes" vertoon. Die evangelie moet "as 't ware telkens opnuut geïnkarneer word" onder die volkere (p 216).

Dis sonder meer duidelik dat Heyns se "ernstige besware" teen die ander legitimerings van die pluriformiteit eweseer teen sy eie opvatting geld. Dit is géén Bybels-teologiese argument nie, dog een wat berus op empi= riese oordele. Dit word nie opgebou uit teologiese besinning oor die wese van die kerk nie, maar groei uit 'n bepaalde beoordeling van 'n historiese situasie, onder andere ook onder invloed van definitiewe geesteshistoriese beskouings (vgl "volksiel"). Dat hy deur die besware gedruk voel, is duidelik. Daarom beroep hy hom op die sg Voorsienig= heidswoord, wat weer op sy beurt begrond word deur 'n heel oorspronklike onderskeiding van ses Woordgestaltes (Skeppingswoord, Voorsienigheids= woord, Verlossingswoord, Vleesgeworde Woord, Skrifgeworde Woord en Ge= predikte Woord) waarmee hy die boek feitlik begin. Hierdie subtiele onderskeidings is egter juis die bedenklike punt in die hele werk, aan= gesien dit dreig om - ondanks al sy balanserende kwalifikasies - die ge= staltes naas mekaar te laat spreek as Woorde in hul eie reg. Dit word m i net orent gehou as die kwalifikasie op p 17, dat "die Skrifgeworde Woord ... dus nie die enigste gestalte van Gods Woord is nie, maar wel die *enigste bron vir ons kennis van die ander gestaltes*" radikaal en konsekwent ernstig geneem word. Nou is die probleem egter presies dat dit nié gebeur in die wyse waarop hy die Voorsienigheidswoord wil laat spreek in sy fundering van die pluriformiteit nie. Ons leer immers nie *vanuit* die Skrifgeworde Woord dat die kerk etniese gestaltes moet aanneem nie, maar lei dit *direk* af uit die feit dat (in Gods Voorsienig= heid) verskillende volkere ontstaan het en bestaan.

Die definitiewe dilemmas waarin hierdie onnodige konstruksie hom laat beland, blyk al gou. Onder die oorwig van die Bybelse getuienis - wat hy voortdurend respekteer en waaronder hy soseer buig dat sy primêre motief maar slegs met instemming bejeën kan word - maak hy nadruklik duidelik dat geen lid van 'n sekere volk om prinsipiële redes verbied mag word om lid van 'n ander volkse kerk te word nie. 'n Aparte kerk mag prinsipieel nie 'n geslote kerk wees nie. Naas die beginsel, moet die praktyk van 'n sondige werklikheid egter ook in aanmerking geneem word. Indien oordraging van lidmaatskap van een volkse kerk na 'n ander daarom die "orde en vrede" in die kerk so versteur, kan 'n reëling teen so 'n oordraging getref word, maar - let op: - dan sal dit "bloot om praktiese redes" mag geskied en "nooit op prinsipi=eel-Bybelse gronde" verdedig mag word nie (p 219). Asof die bestaan van die afsonderlike etniese kerke en "die aspekte van geestelike verwydering wat ware gemeenskap bemoeilik of selfs onmoontlik maak" nie self ook reeds *praktiese* redes was en geen prinsipieel-Bybelse gronde nie! Uiteindelik heers die praktyk met sy (selfs sondige!) eise dus heeltemal oor die kerk en word 'n "orde en vrede" in die kerk nagejaag wat sonder twyfel nié die *sjalom*, die orde en vrede is waaroor Theron so liriès raak nie!

Die doel van hierdie uitvoerige - en definitief *onbillike*, in die lig van die duidelike boodskap wat Heyns eintlik wil tuisbring - bespre=king van hierdie aspek is om te wys dat *hier* die beslissende keuses val: word die verlossing, herskepping, kerk gestruktureer deur die situasie, praktyk, skepping, noem maar op, of is die verlossing, her=skepping, kerk iets só nuuts dat dit vreemd staan in hierdie (onver=loste) wêreld? Onderliggend aan baie van die gesprekke rondom die kerk en sy taak in die wêreld, lê (dikwels onbewuste) keuses t o v hierdie fundamentele vraag.

Hierdie inleiding wil uiteindelik niks anders wees nie as 'n oproep om twee uiters boeiende boeke te lees oor hierdie lewende en aktuele saak : die kerk van die Here Jesus Christus.